# Ecovite Drimol, ‘n veelsydige produk

Deur Ewie Coetzee




Ecovite Drimol word geproduseer vanaf ‘n produk met die naam CMS. CMS oftewel “Condensed Molasses Solubles” is ‘n byproduk vanuit die alkohol bedryf. In hierdie geval word alkohol vervaardig vanuit melassestroop, ‘n byproduk in die vervaardiging van rietsuiker. Die melassestroop word verdun met water, gis word bygevoeg en die suiker in melassestroop word gefermenteer na alkohol. Die alkohol word hieruit gedistilleer en die byproduk is ‘n dun stroop bestaande uit die res van die melasse, water en gis. Hierdie stroop word dan gekondenseer (water word afgedamp) om CMS te vorm, wat sowat 30 – 50% vastestowwe bevat.

CMS word in hoofsaak in die vloeibare kunsmis bedryf gebruik, met groot gedeeltes daarvan wat weer teruggevoeg word as bemesting op suikkerrietlande. Dit is ook al baie jare in die veevoerbedryf gebruik as gedeeltelike plaasvervanger vir melassestroop en/of om die viskositeit van melasse te breek. Daar is egter ook reeds vir baie jare droë vorms van CMS beskikbaar in die veevoerbedryf. Hierdie produkte word geproduseer deur CMS te sproeidroog op ‘n baie spesifieke kalkdraer om ‘n fyn melasse newe-produk gebaseerde poeier te gee. Die spesifieke wyse waarop dit gesproeidroog word, asook die spesifieke draer wat gebruik word, lei tot ‘n produk met absoluut unieke chemiese en fisiese eienskappe. Die ou bekende Rumevite reeks konsentrate was op hierdie produk gebaseer. Ongelukkig het Rumevite reeds jare gelede die produksie van hierdie reeks gestaak. Verder het die voorsiening van CMS in Suid Afrika ook oor die afgelope paar jaar verminder, in hoofsaak omrede meer alkohol nou vanuit mielies vervaardig word.

‘n Maatskappy gebaseer in Eswatini, genaamd Royal Eswatini Sugar, produseer reeds baie jare groot hoeveelhede CMS vanuit hulle alkohol aanleg. Hierdie CMS word gelewer aan ‘n maatskappy genaamd Enviro Applied Products, wat die CMS in die vloeibare kunsmismark verkoop. In 2021 het Enviro Applied Products begin ondersoek instel na die moontlikheid om te diversifiseer en weer CMS te sproeidroog vir die veevoer industrie. Die gevolg van hierdie ondersoek en die daaropvolgende ontwikkelings, is ‘n splinternuwe aanleg in Eswatini vir die sproeidroog van CMS en verwante produkte vir die veevoer industrie. Die aanleg is opgerig in die eerste helfte van 2024 en is nou gereed om met volle produksie te begin. Die eerste produk wat vanuit hierdie aanleg geproduseer word, is standaard gesproeidroogde CMS bekend as Ecovite Drimol.



Die aanleg is uniek in die sin dat dit hout afval (wood chips) vanuit die saagmeule bedryf gebruik as energiebron om die CMS te sproeidroog. Afval hout is ‘n baie skoner en omgewings vriendelike energiebron as steenkool, wat meer algemeen gebruik word. Ecovite Drimol is dus nie net ‘n omgewingsvriendelike produk nie, maar raak van twee afvalprodukte in onderskeidelik die alkohol en hout / papier bedryf ontslae.

Ecovite Drimol is ‘n voedingstofryke produk. Dit bevat nie net ‘n matige vlak van energie nie, maar voorsien ook proteïen, minerale, spoorminerale en B-vitamiene aan diere. Dit neem dus geen dooie spasie in voere op nie, maar dra by tot die

totale voedingstof inhoud van die voer. Ecovite Drimol is 'n natuurlike produk, wat geen nie proteïen stikstof (NPN), groeistimulante of medikasie bevat nie. Ecovite Drimol is dus geskik en veilig vir benutting deur alle plaasdiere insluitend perde en wild.

Ecovite Drimol het vanweë sy unieke chemiese asook fisiese eienskappe veelvuldige toepassings in die veevoer bedryf. Ecovite Drimol is uiters geskik om enige ander vorm van melasseprodukte in veevoere en lekaanvullings of geheel of gedeeltelik te vervang. Dit het 'n unieke melassesmaak en reuk. Die groot voordeel wat die produk het in vergelyking met melassestroop en melassemeel, is dat dit 'n droë vryvloeiende poeier is, wat dus maklik toegevoeg word en eweredig deur enige mengsel deurgemeng word.



Ecovite Drimol is dus die ideale produk om die smaaklikheid en aanneemlikheid van veevoere te verbeter. Dit stel veevoer vervaardigers in staat om minder smaaklike grondstowwe teen hoër peile in voere in te sluit, sonder dat die vrywillige inname van die voere negatief geraak word. Insluitingspeile van so laag as 2.5% gee reeds aan voere 'n kenmerkende melasse geur en smaak.

Ecovite Drimol is vanweë beide chemiese sowel as fisiese eienskappe 'n uitstekende bindmiddel vir voerpille. Sekere veevoer grondstowwe soos sommige ruvoere en graanbyprodukte kan geneig wees om voerpille bros te maak. Daar is verskeie bindmiddels beskikbaar wat help om die pille effektief te laat bind. Ecovite Drimol is nie net effektief as 'n voerpil binder nie, maar gee ook 'n melasse smaak en geur aan hierdie pille. In teenstelling met ander pilbinders, wat normaalweg geen of min voedingswaarde bevat, dra Ecovite Drimol ook by tot die totale voedingswaarde van die voer.

'n Unieke eienskap van Ecovite Drimol is die produk se vermoë om 'n water weerstandbiedende lagie te vorm op mengsels wat voldoende vlakke daarvan bevat. Hierdie eienskap is veral voordelig in die geval van lekaanvullings, omrede dit die lekaanvulling beskerm teen reën en ook windverliese beperk. Die vermoë om te verhoed dat water die aanvulling binnedring, is natuurlik veral in die reënseisoen 'n groot voordeel. Die mees algemeenste aanvulling vir die reënseisoen is sogenaamde minerale of fosfaataanvullings, maar deesdae word daar toenemend ekstra energie, proteïen en ook NPN op groen veld aangevul vir optimale produksie en reproduksie. Ecovite Drimol is ideaal in hierdie gevalle om veral energiebronne en NPN teen die nadele van reën te beskerm. Tydens die droë seisoen is die aanvulling van proteïen en NPN met voldoende energie algemeen. Hier speel Ecovite Drimol 'n belangrike rol om teen beide windverliese asook moontlike reënskade te beskerm. Die tipe energie in Ecovite Drimol is ook ideaal in aanvullings wat NPN bevat, omrede dit vinnig beskikbare energie aan die rumen bakterieë voorsien vir die mees effektiewe benutting van NPN in mikrobiese proteïensintese.

Ecovite Drimol word taai en verhard wanneer dit met lae vlakke van vog in aanraking kom. Dit kan dus met groot sukses aangewend beide as binder en verharder wanneer lekaanvullings in blokvorm gemaak word.

Ecovite Drimol los op in water om 'n melasse tipe vloeistof te produseer. Hierdie tipe mengsel is ideaal om veral lae kwaliteit ruvoer te behandel. Nie net kan bale ruvoer behandel word nie, maar dit kan selfs op swak kwaliteit veld gespuit word om aanvaarbaarheid en benutting daarvan drasties te verbeter. Die vloeistof kan ook verryk word met NPN en selfs swael om benutting van lae kwaliteit ruvoer verder te bevorder.

Ecovite Drimol kan ook aangewend word wanneer kuilvoer laat gesny word, om die inkuilingsproses te verbeter. Dit voorsien suikers wat die inkuilingsproses versnel. Dit word in water opgelos en bo-oor die lae kuilvoer gespuit soos wat dit in die kuilvoer bunker ingery en gekompakteer word.

Vanuit bogenoemde is dit duidelik dat Ecovite Drimol een van die mees veeldoelige en unieke veevoerbymiddels is wat op die mark beskikbaar is, met 'n groot variasie van aanwendings. Omrede dit so 'n wye reeks aanwendings het, en elke aanwendings metode gaan afhang van die tipe voer of aanvulling wat gevoer word, die grondstowwe wat daarin gebruik word, die vorm waarin dit gevoer word asook die diere en die omgewing, is dit baie belangrik dat elke boer of veevoer vervaardiger pasmaak aanbevelings kry voor die produk gebruik word. Die Feedtek groep veekundiges en agente is volledig opgelei in die aanwending van die produk. Kontak dus gerus u naaste Feedtek agent vir hulp in hierdie verband.